God onderdruk goddeloses se sondige aard, maar versorg Sy kinders in hulle diensbaarheid.

**PJ Kriel** **11.01.2015**

**1. Psalm 146: 1,4,5,6.**

**Skriflesing: Romeine 7:7-24; 8:1-4**

*“4Dit is ook die geval met julle, my broers. Deur julle verbondenheid met die liggaam van
Christus het julle gesterwe en staan julle nie meer onder die wet nie. Julle behoort nou aan
iemand anders, aan Hom wat uit die dood opgewek is. Daarom moet ons nou ’n vrugbare
lewe lei in diens van God. 5Toe ons nog ’n sondige lewensbestaan gevoer het, was die
sondige hartstogte wat deur die wet wakker gemaak is, in elke deel van ons liggame
werksaam en het ons vrugte gedra in diens van die dood. 6Maar nou is ons vrygemaak van
die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie.
Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees, nie in die ou bedeling van
wetsvoorskrifte nie.7Wat is dan ons gevolgtrekking? Dat die wet van Moses sonde is? Beslis
nie. Inteendeel, ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie. Ek sou
byvoorbeeld nie geweet het dat dit sonde is om te begeer nie as die wet nie gesê het: “Jy mag
nie begeer nie.” 8Maar deur hierdie gebod het die sonde ’n vastrapplek gekry en elke soort
begeerte in my aan die gang gesit, want sonder die wet is die sonde dood. 9Voorheen, toe die
wet nie daar was nie, het ek gelewe, maar toe die gebod gekom het, het die sonde begin lewe,
10en ek het gesterwe. Dit het geblyk dat die gebod wat bedoel was om vir my die lewe te
bring, vir my die dood beteken. 11Die sonde wat deur die gebod ’n vastrapplek gekry het, het
my deur die gebod mislei en my doodgemaak.12Die wet is dus heilig, en sy voorskrifte is
heilig en reg en goed.13Beteken dit dat iets wat goed is, vir my die dood gebring het? Beslis
nie. Inteendeel, die sonde het vir my die dood gebring. Dit het die sonde gedoen deur iets wat
goed is, sodat die sonde in sy ware aard as sonde bekend sou word en dit deur die gebod sou
blyk hoe skrikwekkend die sonde werklik is. ...8Ek weet immers dat die goeie nie in my woon
nie, nie in my sondige aard nie. Daar is by my wel die wil om die goeie te doen, maar ek doen
dit nie. 19Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit
doen ek. 20En as ek nou doen wat ek nie wil doen nie, dan is dit nie meer ek wat dit doen nie,
maar die sonde wat in my woon.21So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen,
maar al wat ek doen, is die slegte. 22Diep in my wese vind ek vreugde in die wet van God,
23maar ek vind in my doen en late ’n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit
maak my ’n gevangene van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is.
24Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? 25Aan God die dank! Hy
doen dit deur Jesus Christus ons Here.*

*Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie. Die wet van die Gees
wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en
dood. 3Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te
swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde
gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die
mens veroordeel. 4Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur
ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.”*

**2. Lied 393:1,3,4**

God onderdruk goddeloses se sondige aard, maar versorg Sy kinders in hulle diensbaarheid.

**PJ Kriel** **11.01.2015**

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen God as Onderdrukker en God as Versorger van sy kinders. God is deur sy wet elke goddelose mens se groot Onderdrukker. Hy verniel hul goddeloosheid en maak hulle gevangenes van hul eie wetteloosheid. Goddeloses probeer met afgodsdiens God as hul bevryder voorhou om hul goddeloosheid te regverdig. God is terselfdertyd vir sy kinders Versorger. Hy voed en lei sy kinders in hulle diens en liefde vir Hom. Hulle sonde maak hulle nie maar dieselfde as goddeloses en God hul Verdrukker nie. Hy bly ten spyte van hul sonde Hul Versorger.

**Skriflesing: Rom. 7:7-24 en 8:1-4**

**Teks: Rom. 7:9** ***"Voorheen toe die wet nie daar was nie, het ek gelewe, maar toe die gebod gekom het, het die sonde begin lewe en ek het gesterwe."***

**Tema: God onderdruk goddeloses se sondige aard maar versorg Sy kinders in hulle diensbaarheid**

**1.** As daar nou vandag twee woorde is wat verskillend en uiteenlopend gebruik word, is dit die twee woorde: onderdruk en bevry.

Dit voel deesdae amper asof almal onderdruk is, of onderdruk was, en bevry wil word, of bevry is. En feitlik elke keer moet jý voel dat jý die onderdrukker is waarvan almal bevry wil word.

Hierdie woorde word so herhalend gebruik dat ons al aanvaar ons was die onderdrukkers, wat nou onderdruk moet word.

Daarom! Kom ons gaan kyk wat leer die woord van God ons oor onderdruk en bevryding!

**2.** Ons kan die inhoud van Romeine 7 en 8 probeer ontsluit met ’n voorbeeld binne al hierdie verwarrende beelde van onderdrukking en bevryding wat in ons gemoed is.

Hoe onderdruk ’n mens onkruid in ’n vrugteboord of binne-in ’n blombedding?

Jy trek dit uit. Kap dit af. Gee dit gif.

Onkruid moet onderdruk word, want hulle groei met hulle onbeheerste lewensdrif al die vrugte- en blomgewasse dood.

Hoe onderdruk ’n mens ’n avoboord, ’n neuteboord of ’n blombedding?

Niks wat mens met avo-, neut- of koejawelbome doen, is of kan onderdrukking wees nie. Want hulle het nie hierdie onbeheerste drif wat alles doodgroei nie. Inteendeel,

hulle groei so broos en moeilik dat jy hulle moet koester en oppas. Jy kan dit hoogstens verwaarloos.

Alles wat ons met hierdie bome of blomme doen, selfs al sny jy takke af of trek dooie blare af, is om hulle groei te bevorder.

Die woorde ‘onderdruk’ of ‘bevry’ is gladnie van toepassing op hierdie gewasse nie, omdat hulle niks doodgroei nie. Vir hierdie gewasse geld ’n heel ander woord: versorging!

**3.** Die grootste onderdrukker in hierdie skepping is God.

Dit is hoe Paulus God in Romeine 7 beskryf. God is in en deur Sy Wet die grootste enkele onderdrukker van mense in hierdie wêreld.

Hy beskryf God as onderdrukker só:

1) God maak alles wat mense as sondaars is en wil wees, binne-in hulle dood. Voor God en Sy gebod in mense se lewe ingekom het, was hulle hulself en kon hulle voluit hulself wees en hulself uitleef. En toe kom God met Sy gebod en maak Hy hulle in hulle vryheid om hulself te wees en hulself uit te leef, dood. Só is Hy mense se grootste onderdrukker.

2) God as onderdrukker maak mense Sy gevangenes. God maak hulle bevange in hulle gewete en in hulle angs om reg te lyk teenoor die Wet waarmee Hy hulle uitwys waarvoor hulle is.

3) Wat gebeur met onkruid as jy dit afkap? Dit groei net driftiger en sterker. Dit is hoe God die mense in hulle sonde onderdruk: hulle raak net erger in hulle sonde, sodat hulle hulleself daardeur laat verteer.

Dit is die lewe van doodsbestaan. God wat mense se Skepper is, is hulle onderdrukker. Hy maak die lewe wat hulle wil leef, in hulle dood.

**4.** Is dit sleg dat God die Skepper die grootste Onderdrukker in die skepping is? God met Sy Wet!

Paulus doen iets heeltemal verrassend en uitsonderlik terwyl Hy God in Sy onderdrukking verkondig.

Met vandag se gekerm en gekla met die mentaliteit en geestesklimaat van elkeen wat homself as onderdrukte wil sien, en almal anders om hom as onderdrukkers, sou ’n mens verwag het dat Paulus eintlik selfregverdigend en veglustig moes verklaar het:

“God mag ons nie só onderdruk nie; mense moet van God se onderdrukking bevry word; God moet Homself regkry en Sy onderdrukking los, en begin om anders God te wees.”

God onderdruk goddeloses se sondige aard, maar versorg Sy kinders in hulle diensbaarheid.

Maar kyk wat verklaar Paulus oor God se onderdrukking deur Sy Wet: *"die wet is dus heilig, en sy voorskrifte is heilig en reg en goed."*

Dit waarmee God mense onderdruk, deur Sy Wet, is heilig en reg en goed. God as Onderdrukker deur Sy Wet, is heilig en reg en goed.

**5.** Kan u dit raaksien? Geen gekerm van martelare onder hierdie onderdrukkende God nie, maar die eerbied dat God en Sy onderdrukking se Wet reg en heilig en goed is.

'n Heilige, goeie Onderdrukker wat reg is om mense te onderdruk! Waar sal jy onder die mense wat praat van onderdrukking en bevryding vandag ooit so iets hoor?

Hoe kan Paulus sy Onderdrukker só eer, loof en respekteer: 'n Goeie onderdrukker wat reg is in Sy onderdrukking van my; wat heilig is in Sy onderdrukking en wat goed is en goed doen deur die lewe wat ek wil lewe, in my dood te maak?

Die antwoord lê in wat God in die mens onderdruk en doodmaak, en wie Hy onderdruk. God onderdruk die mens se sondige geaardheid deur Sy wet, en onderdruk mense wie hulle sondige geaardheid as hulle ware menslikheid wil uitleef.

God onderdruk die lewenslus vir en in sonde, en God maak die lewenslus waarmee mense in sonde leef, dood.

God onderdruk die lewenskrag waarmee mense sonde as hulle ware self wil uitleef deur hierdie krag in mense te blus.

**6.** Mag ons as kerk, as gelowiges in die gemeenskap, die land en selfs in die kerk waarin ons leef, nog die volgende sê:

"God is die grootste Onderdrukker wat daar is. Hy as Onderdrukker en die wyse waarop Hy mense in wat hulle is en wil wees, onderdruk, is heilig, reg en goed"?

Dit is hoe verwarrend hierdie twee woorde "onderdrukking" en "bevryding" al in ons gemeenskap, en selfs in ons kerk, geword het.

Mense glo dat God nie meer in die wêreld die onderdrukker van mense se sondige natuur mag wees nie. Mense wat hulle sondige aard as hulle ware identiteit glo, en dit wat die woord van God sonde noem as hulle lewenskrag en lewenslus ervaar, moet nou deur God nie meer onderdruk word nie.

God moet nou hierdie mense se bevryder word. Hy moet hulle lewenslus in hulle sonde gee as liefdegawe, en Hy moet hulle die lewenskrag gee om hulleself in en deur hulle sondige aard uit te leef. Dit is hoe Hy hulle nou moet maak om mense te verlos en gelukkig te kry.

Kom ons lig dit toe met 'n voorbeeld!

God onderdruk goddeloses se sondige aard, maar versorg Sy kinders in hulle diensbaarheid.

Die tieners! Hoe voel julle as Pa en Ma sê hulle vertou julle om alleen by die huis te bly en dat hulle 'n bietjie uitgaan om self te gaan ontspan? Dan kry julle so nederige houding van inskiklike onderdanigheid, terwyl julle eintlik vol lewenslus word en nuwe lewenskrag kry.

Vir wat?

Om julleself te kan wees saam met julle vriende terwyl hulle nie by die huis is nie!

Wat gebeur met julle lewenslus en lewenskrag waarmee julle julleself is as hulle dan skielik onverwags te vroeg by die huis opdaag?

Al daardie lewenslus en lewenskrag waarmee jy en jou vriende julleself was, verdwyn onmiddellik soos mis voor die son.

Is dit 'n slegte invloed wat hulle op jou het? Om dit waarvoor jy so lus is en krag voor het, in jou te onderdruk? Wat sal jy van jou pa en ma dink as hulle in die huis inloop en hulle word deel van hierdie lewenslus en lewenskrag waarmee jy en jou vriende julleself is in hulle afwesigheid? Hulle drink en raas saam!

Want dan is hulle mos julle bevryders. Hulle bevry julle van hierdie mag waarmee hulle julle lewenslus en lewenskrag onderdruk as julle op julle eie is, en maak hulleself die krag en lus om te doen wat jy sonder hulle wil doen.

Daardie grillerige gevoel wat jy nou daar kry, noem ons perversie! Dit is pervers vir hulle om só te wees en om só saam met julle te wees. Ouers wat bevryders is en nie onderdrukkers is nie, is pervers.

Dit is die grillerige ervaring dat hulle nie meer ouers wil wees nie, maar hulle sondige drifte saam met jou wil uitleef in jou jonkheid, asof hulle saam met jou kind en jonk is. Ouers wat bevryders is en nie onderdrukkers is nie, is perverse ouers.

En God?

Dit is hoe mense nou God opportunisties probeer voorhou as die God van die nuwe Suid Afrika. Na 1994 het God nou vir hierdie opportuniste die Groot Bevryder geword. Want elke mens wil nou vry van die Here se kerk, sy ware identiteit in sy sondige aard vind en sy sondige aard uitleef as sy ware self, soos God hom sommer nou sou gemaak het.

God wat die sondige aard van mense en mense wie hulle sondige aard as hulle ware self en hulle eintlike identiteit uitleef, onderdruk deur Sy wet, is nie meer heilig en reg en goed nie. God is nou sleg en verkeerd om die mens só te onderdruk. God mag nog net die Groot Bevryder wees. Nie die Onderdrukker nie.

Hierdie perverse God is nou die Groot Bevryder in die gemoed van mense wat van alles en almal bevry wil word, omdat hulle glo alles en almal onderdruk hulle in wie hulle eintlik bedoel is om te wees.

God onderdruk goddeloses se sondige aard, maar versorg Sy kinders in hulle diensbaarheid.

**7.** God word nooit mense se bevryder nie. God is sondaars se Verlosser. En as u dink hierdie teenstelling is nou sommer net slim woordspelings, moet u na Rom.8:4 gaan kyk en sien hoe Christus mense op só wyse verlos dat Hy nooit hulle Bevryder is nie.

Rom.8:4: *"Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen."*

Klink dit soos iemand wat van die Wet van die Here bevry is? Hierdie is die nuwe vreugde van gelowiges, die nuwe soort dankbaarheid en die nuwe liefde en rus: Ons kan nou deur die verlossing van Christus aan die eise van die Wet van God voldoen!

God is geen menslike bevryder nie. God is Verlosser vir sondaars!

**8.** Wat is hierdie verlossing wat só werk: 'n verlossing wat ons nie bevry om ons sondige aard as ons ware self en ons eintlike identiteit te vind en uit te leef nie, maar waar ons ons sondige aard veroordeel as dit wie ons nie is en wil wees nie!

Hierdie tipe verlossing verander ons sondige aard. Dit bevry ons nie van die onderdrukking van die Wet om sonder die Wet onsself te kan wees nie.

God maak onkruid, vrugtebome én sierblomme! Hy gee nie onkruid water en kunsmis nie.

Dit verkondig Paulus in Romeine 8 verse 1 tot 4.

God het hierdie sondige aard van sondaars veroordeel. Die wyse waarop Hy dit veroordeel het, is deurdat Christus self die sonde geword het wat ons is. "Christus is in dieselfde gestalte as sondaars gestuur" en Hy is vir sonde wat ons ís en Hy met ons deel, veroordeel.

In ons vereniging met hierdie Christus, is ons Sy geregtigheid voor God se Wet. Daarom kan ons aan die regseise van God se Wet voldoen. Want ons is deel van die geregtigheid van Christus. God aanvaar ons gehoorsaamheid as deel van Christus se geregtigheid.

Só skep God in ons hierdie nuwe aard: ons wil leef binne die geregtigheid van Christus en God se Wet gehoorsaam in die geloof dat vir ons oortreding daar geen veroordeling is nie, en ons gehoorsaamheid volkome reg vir God gemaak is.

**9.** Dit is die magtige verandering wat God in ons skep deur ons eenheid met Christus: Hy maak ons mense wat aan die regseise van die Wet van God gebind wíl wees, om daarvolgens te leef in die geloof dat ons nooit deur hierdie regseise veroordeel sal word nie, en ons onvolkome gehoorsaamheid volkome reg vir God is.

Is hierdie nuwe aard, om volgens God se regseise te wil leef, net so verdringend en oorheersend soos die sondige aard van die mens?

God onderdruk goddeloses se sondige aard, maar versorg Sy kinders in hulle diensbaarheid.

Dit is nie. Daarom is ons soos vrugtebome. Ons is nie onkruid in ons wil om God te dien nie. Ons moet in God se genade en liefde gevoed word om vrug te dra. Die aard om aan die regseise van God te wil voldoen, is nie iets wat onderdruk moet word in die mens, of waarvan die mens bevry moet word nie.

Diensbaarheid moet gevoed word, nie onderdruk of bevry word nie. Daarom kan ons geloofslewe op geen manier deel wees van, of voorgehou word as bevryding nie.

Ons is tot diensbaarheid verlos, nie van onderdrukking vrygemaak om ons sondige self te wees nie.

God is ons Verlosser en Versorger, nie ons Bevryder nie.

**10.** Goddeloses soek totaal iets anders as God as Versorger.

Ons kan dit toelig met arbeiders se gevoel oor vrugteboorde. Hoe sien arbeiders vrugteboorde? Hulle sien dit as simbool van verdrukking. Hoekom? Want dit eis werk en diensbaarheid. Hierdie druk wat op hulle geplaas word vir werk en diensbaarheid om die boorde te versorg, voel hulle onderdruk hulle lewenslus en lewenskrag om ’n lui-lekker bestaan te voer.

Daarom voel hulle dat hulle van die eis van diensbaarheid verlos wil word, om hulleself te kan wees.

En dit is hoe goddeloses God as hulle bevryder wil glo en ervaar. Die diensbaarheid waartoe Christus ons verlos om weer onsself aan die regseise van die Wet van God te wil verbind, sien hulle as onderdrukking waarvan God hulle moet bevry. Hulle wil van die verlossing van Christus bevry word. Hulle wil van mense wat God dien en aan Sy regseise verbind is, bevry word.

**11.** God verlos en versorg ons.

Daarom mag ons ook nie die skuldlas van onderdrukking óf die triomf van bevryding op ons neem nie.

Ons sondes maak ons nie onkruid nie.

Vrugtebome kry ook swamsiektes, maar dit maak hulle nie onkruid nie. Vrugtebome kry ook misoeste, maar dit maak nie dat hulle uitgekap word nie.

Ons mag nooit ons eie sondes so sien, dat ons ons wil tot diens en ons wil om aan die regseise van God te wil voldoen, sien as ons sonde van onderdrukking nie. Nog minder asof God mense van diensbaarheid en die druk wat ons diensbaarheid op die gemeenskap plaas, wil bevry.

God kan nooit ons wil tot diens en voldoening aan Sy regseis, onderdruk nie. Hy skep en voed dit.

God onderdruk goddeloses se sondige aard, maar versorg Sy kinders in hulle diensbaarheid.

God sal ons ook nooit veroordeel as onderdrukkers vir die sondes wat ons in die diens doen nie. Want daar is geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie.

Ons diensbaarheid en ons sondes is totaal iets anders as onderdrukking en bevryding.

Want ons word in God se diens versorg terwyl Hý goddeloses onderdruk.